

**Die rol van die predikantsvrou in die bediening
binne die AP Kerkverband in die een-en-twintigste eeu¹.
Prof. GDS Smit**

Broeders, u gaan die bediening binne in 'n tyd van verandering.

Ons land wroeg deur 'n moeilike ekonomiese tyd; transformasie het skynbaar 'n permanente toestand geword. Van Heerden skryf oor die mens in die nuwe Suid-Afrika en som sy toestand op in een woord: "*Veranderingsvoos*" (Van Heerden 1999:5).

Vos (2000:internet) wys daarop dat die kerk in die een-en-twintigste eeu veral twee belangrike prosesse in die samelewing nie durf miskyk nie, naamlik **Globalisering en Sekularisasie**

Globalisering verwys na die groter beweeglikheid van kapitaal, tegnologie, inligting en vaardighede (Kung 1997:17-19; Slabbert 1999:95). Sekularisasie word verbind met ondergang en agteruitgang van die kerk. Volgens Gerard Dekker (1992:195-197; 1995:52-53) dui sekularisasie op drieërlei ontwikkeling: vermindering van godsdienstigheid; beperking van die reikwydte van die godsdiens en die aanpassing van die godsdiens aan die ontwikkeling van die samelewing.

Soos gebruiklik word die akademiese jaar amptelik afgesluit met die legitimasiégeleentheid, en soos gebruiklik word daar die middag van die legitimasië 'n geleerde rede gevoer deur een van die dosente aan die Akademie. Dit het my vanjaar te beurt geval, maar anders as gebruiklik wil ek nie vanmiddag geleerd met u redeneer nie, anders as gebruiklik wil ek nie vanmiddag 'n referaat aan u voorhou nie, maar het ek besluit om te poog om u enersyds te betrek by 'n bekende tema, en andersyds vir u stof tot nadenke te laat. Anders as ander jare wil ek ook nie vanmiddag my rede rig tot die proponente nie (ek het 6 jaar my kans gehad). Ook nie tot die kuratorium of die dosente nie, maar wil ek my rede rig tot u, toekomstige *mevrou-dominee*.

Ek bespreek vandag met u oor die tema:

Die rol van die predikantsvrou in die bediening binne die AP Kerkverband in die een-en-twintigste eeu.

'n Akademikus in Australië beweer dat hy bewyse het dat die uiters bekende, en wêreldberoemde komponis, Johann Sebastian Bach heelwat van sy mees bekende werke, nie self gekomponeer het nie. Hy meen dat hy bewyse het dat sy vrou verskeie van sy hoogs aangeskrewe werke geskryf het. Hierdie dosent beweer dat etlike werke wat deur Anna Magdalena Wilcke geskryf is, verkeerdelik aan Bach toegeskryf is.

¹ Legitimasierede gelewer voor die Kuratorium en Raad van dosente tydens die legitimasië van proponente, 19 November 2008

Kom ons aanvaar die akademikus is korrek, dan bevestig dit weer die ou gesegde: agter elke suksesvolle man staan 'n vrou wat hom ondersteun.

Of ons dit wil erken, of nie, u, predikantsvrou, of mevrou-dominee, soos die ouer garde een van die dae na jou sal verwys, jy het 'n belangrike rol in die sukses van die bediening van jou man. Weinig vakkundige literatuur bestaan rakende die emosionele en pastorale versorging van die gade van die predikant. Uit die literatuur wat wel bestaan, blyk dit dat die pastorale versorging van die pastoriegesin dikwels in kerklike kringe afgeskeep word. Die gade van die predikant ervaar 'n eiesoortige problematiek. Stres wat deur die predikant ervaar word, word meestal net so op sy gesin oorgedra. In die navorsing van Wessels (1998) word aangetoon dat 70% van die eise wat deur predikantsgesinne by mediese fondse aangevra word, is stresverwante medikasie – dikwels vir die vrou. Uitbranding, angs, neerslagtigheid en selfs depressie is geen vreemde verskynsel in predikantsgesinne nie.

Wat die taak vir die predikantsvrou bemoeilik, is die feit dat die gade van die predikant word nie opgelei vir die taak wat volg nie. Sy word “gemeenskaps- of gemeentebesit”. Onrealistiese verwagtinge van die gemeente- en kerkradslede dra tot hierdie eiesoortige probleme by. Die visbaksindroom is die voortvloeiende, waar die gesin van die predikant soos goudvissies in visbak hanteer word.

Wessels (1998) beskou dit selfs as geestelike mishandeling deur die gemeente, en toon aan dat onttrekking of bedanking vanuit die werksaamhede van die gemeente dikwels die enigste wyse van oorlewing vir die predikantsvrou is, terwyl sekulêre beroepe 'n mate van pynverligting bied.

Die probleme wat die gade van die predikant ervaar, veroorsaak soms 'n verlies aan die geloofwaardigheid in die kerk. Omdat die predikantspaar dikwels hulle tyd met God afskeep, verswak hul verhouding met God dikwels.

Verdere probleme vanuit die gesin is onder andere die groot finansiële druk wat op die pastoriegesin geplaas word, want jy werk mos vir die Here. Vandaar die feit dat soveel gades van predikante buitenshuise arbeid verrig om die inkomste aan te vul. Al die probleme binne die gesin en gemeente gee soms aanleiding tot probleemgedrag by die kinders van die predikant, maar ook probleme wat deur die kinders ervaar word, soos spanning en depressie. Dit veroorsaak skuldgevoelens by die predikant en sy gade, wat weer hulle stres- en depressievlakke verhoog.

Die pastoriepaar het ook behoefte daaraan om gewone mense te wees wat dink, doen en besluit soos gewone mense. Die predikantspaar wil man en vrou vir mekaar wees soos alle ander mense, hulle wil ouers wees soos die ander en die kinders wil definitief nie uit voel by die res nie. Die predikantsgesin word aan al die invloede van die samelewing blootgestel en bring hulleself in lyn met die goeie waardes van die samelewing. Dus die predikantsvrou voel om eerstens net lidmaat en nie Mev-ds te wees nie. Sy beoefen dikwels 'n beroep en bring soms netsoveel of meer geld in as haar man.

Die Bybel sien die onderlinge verhoudinge van die familie groei vanuit 'n *verbintenis* of *verbond*. Hierdie verbintenis groei uit God se verbond met Israel en deur Jesus Christus met sy kerk. Vir Christene is die kruisdood van Christus die voorbeeld van wat 'n *selfverloënde lewensverbintenis* beteken (1 Joh 4:10). Gesinne is daarom vir die Bybel verbondsverhoudinge waar 'n selfopofferende lewensverbintenis gemaak word. Hierdie verbintenis is belangrik vir Christene se verstaan van die huwelik en die verhouding tussen ouers en kinders.

Liefde is 'n sentrale Bybelse tema wat veral binne die intimiteit van die familie ingeoefen en daarbuite teenoor alle mense uitgeleef behoort te word. Om in liefde te leef teenoor alle mense is die belangrikste opdrag aan almal binne die familie van God. Hierdie opdrag tot liefde kanselleer alle vorms van blinde gesag waar die man alleen op grond van sy geslag gesag het bokant iemand anders en dit op so 'n wyse uitoefen dat dit die groei van mense ontmoedig of inhibeer (Ef 5:25). Paulus waarsku juis in Efesiërs 6 dat mans moet oppas om nie hulle gesag in die huis so uit te buit dat hulle hulle kinders moedeloos maak nie (6:4). Die Bybel is teen enige vorm van gesag in die familie wat verhoudinge sou afbreek (Ef 6:4). Gesag word gegee om ruimtes te ontwikkel waarbinne onvoorwaardelike liefde kan groei. Broeder, laat hierdie woorde dan vir 'n waarskuwing wees om nie te hoë eise aan u kinders te stel nie. Al is hulle nou dominee se kinders, bly hulle kinders met behoeftes en vrese.

Hierdie perspektief is in kontras met die verheerliking van individualiteit in die samelewing en vra dat Christene moet pleit vir 'n balans tussen die verhoudings in die gesin en dié in die samelewing en kerk. So maklik gebeur dit dat dominee beskikbaar is vir elke Jannie en Sannie wat treur, maar blind of afgestomp vir die vrese, behoeftes en noodroepe van jou gesin.

“Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig”

1 Petrus 2:9

Kyk mooi na die bostaande vers. Kan jy sien dat hierdie vers die amp van die gelowige noem? Die HK Sondag 12 handel oor die amp van die gelowige:

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

Hoofgedagte by Antwoord 32:

(Ek word 'n Christen genoem) "omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy salwing".

Die salwing en sy betekenis

In die Ou-Testamentiese tyd is *profete* (1 Kon. 19:16), *priesters* (Eks. 30:30) en *konings* (1 Sam. 10:1; 16:12, 13) gesalf met 'n welriekende olie wat op die kop van die persoon uitgegiet is sodat dit afgeloop het oor sy liggaam en klere en 'n verkwikkende geur versprei het.

Die salwing het veral *drie* betekenis gehad.

- Uitverkiesing en afsondering

Die salwing het eerstens beteken dat sekere persone deur God uitverkies is en deur die salwing aangewys is om 'n spesifieke taak in die diens van die Here te vervul (1 Sam. 16:12).

- Toerusting en bekwaammaking

Deur die salwing verseker die Here die betrokke persoon dat Hy aan hom die gawes en bekwaamheid sal gee om sy taak op 'n waardige wyse, en veral op 'n wyse wat goed en reg is in die oë van die Here, te vervul (Jer. 1:7, 8, 18).

- Opdraggewing en uitsending

Die derde betekenis wat die salwing gehad het, is dat die persoon wat gesalf is, op dié wyse van God die opdrag ontvang en uitgestuur word om die besondere taak waarvoor hy gesalf is, te gaan vervul. Daardie opdrag het beteken dat die gesalfdes, elkeen op sy eie gebied, die ander mense daartoe moes bring om God te dien en te eer (Jes. 6:9–13; Jer. 1:7, 8).

Die salwing van die Christene

Christus self salf die Christene met die Heilige Gees tot dieselfde drie ampte van profeet, priester en koning waartoe Hy gesalf is. Dat die Christene ook gesalf is, blyk veral baie duidelik uit 1 Joh. 2:20: "*Julle het die salwing van die Heilige en weet alles*". Die "*julle*" waarvan Johannes hier praat, *is die gelowiges*. Dit beteken:

- Die Here het jou *uitverkies* om 'n taak in die wêreld te vervul.

- Die Here het jou deur sy Heilige Gees in die Christelike opvoeding, prediking, ensovoorts *toegerus en bekwaam gemaak* vir die taak.
- Die Here het jou *die opdrag gegee* om die taak te gaan vervul, naamlik om die lig van die wêreld en die sout van die aarde te wees deur die evangelie van Jesus Christus in hierdie wêreld in te dra; om daadwerklik profete, priesters en konings te wees.

As Johannes sê dat die gelowiges “alles weet” (“die waarheid ken”), beteken dit nie dat hulle alwetend is nie, maar dat hulle alles weet wat vir hulle redding en saligheid nodig is; dat hulle weet hoe hulle moet lewe om nie te sondig nie maar God te eer.

Deur die salwing met die Heilige Gees in die betekenis van *uitverkiesing, toerusting* en *opdraggewing* is ’n groot verantwoordelikheid op *elke gelowige* gelê:

- om volgens die wil van God te lewe soos een wat van die sondes verlos is;
- om sy/haar lig te laat skyn;
- om van Christus te getuig;
- om binne en buite die eie lewe af te breek wat verkeerd en sondig is en op te bou wat goed en volgens God se wil is.

Dit *moet* elke gelowige doen. As hy dit nie doen nie, bedroef Hy die Heilige Gees waarmee hy gesalf is (Ef. 4:30). Dan loop hy dieselfde pad as Saul, wat ook ’n gesalfde van die Here was maar aan die einde van sy lewe gaan hulp soek het by ’n dodebesweerder—’n dienaar van die duiwel. Waarom? Omdat hy sy salwing deur die Here nie wou aanvaar nie en die roeping en taak wat die Here daardeur op hom gelê het, nie wou uitvoer nie.

Deur die salwing met die Heilige Gees is ons ook toegerus met dié kennis wat aan ons ware troos kan gee.

As Christene moet ons die beeld van Christus vertoon. Die lewe moet vir ons Christus wees (Fil. 1:21) en Christus moet in ons lewe (Gal. 2:20). Omdat ons met die Gees van Christus gesalf is, moet ons as gelowiges ook die drie ampte vervul wat Christus vervul het. Daarom moet ons as gelowiges ook profete, priesters en konings wees.

Ten slotte:

Swart (2003:1) begin haar studie oor die emosionele toestand van predikantsvroue in die NG Kerk so: eendag lank, lank gelede was daar prinsesse wie se hele lewe verander is deur ’n groot gebeurtenis. Hulle mans het predikante geword. Eensklaps het hulle verander in die perfekte vrou, met eindelose energie, bo-menslike organisatoriese- en leierseienskappe. Hierdie prinsesse het onmiddellik geweet hoe om Bybelstudies aan te bied, vroue-aksie vergaderings te lei, basare te reël en noodlydendes te troos. Hierdie is die begin van julle verhaal as stil prinsesse. Ons lig ons hoed vir julle, die prinsesse van die mooi verhaal met die titel: *My man se bediening in die AP Kerk*. Staan jou man by, maar moenie vergeet wie jy is en waar jy vandaan kom nie.

Jy het 'n rol om hierdie perspektief te behou wanneer jou man vasgevang raak in sy werk. Keer ons terug na die navorser se hipotese oor die herkoms van Bach se werke, en ons die werk dalk sou kon versinnebeeld met die predikant se bediening, vra ek: Nou dat ons weet die vrou het 'n rol gespeel in Bach se beroemdheid, gaan dit nou beteken dat die betrokke werk van "Bach" minder mooi is? Gaan dit beteken dat die bediening minder skoon is. Natuurlik nie! Die skoonheid en prag van die werk lê binne in die werk self, en hang nie daarvan af of Bach of iemand anders dit geskryf het nie. Die mooiheid van julle roeping lê in wat julle daarvan maak. Jy, mevrou dominee: jy kan jou man maak of breek. Jy, broeder dominee: pas jou vrou op: dis jou maat wat die toon van jou sukses aangee. Daarom laat ek julle met die woorde van Paulus in 1 Kor. 15:58 - *Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.*